

## **Jan Steyn Preek 3 Februarie 2019**

### **Die kruis is ongemaklik**

1. Die kruis gaan oor pyn en verlies. Dit is nie vir ons so erg dat die oor Christus se pyn en verlies gaan nie. Dit maak ons banger dat dit ons kan konfronteer met ons eie pyn en verlies.
2. Die kruis vat ons mag weg- hierdie mag van yes, yes, yes! Ek het dit gedoen! Die kruis gaan oor wat God gedoen het, omdat ek nie kon nie- nie myself kon verlos nie.
3. Die kruis maak ons gelyk met mense waarvan ons nie hou nie of van wie ons gedink het- ek is beter as jy! Voor die Jesus se kruis staan ons gelyk in God se oordeel en in God se genade.

### **Teks: Matteus 6:11-15 (Lukas 23:33-43)**

#### **Tema: Vergewe**

#### **Inleiding:**

Ek het toe ek begin werk het in hierdie gemeente, hierdie een ouer kollega met die naam Schalk Theart gehad. Alles in ons twee het amper van die begin af gebots- jonk teenoor ouer, persoonlikhede, style, hoe en waaroor ons gepreek het en wat ons as prioriteite in die gemeente gesien het. Op 'n stadium in my lewe het ek Schalk Theart gehaat. Meer as wat ek ooit enige mens gehaat het. Dit het my geskok dat iemand wat homself as hierdie nice ou gesien het, iemand anders so kon haat. Ek het snags as ek in die bed geklim het, na die plafon gestaar en beplan: hoe kan ek jou terugkry vir daardie kwetsende opmerking vandag, vir die nuwe belediging, vir daardie voorstel van my wat jy afgeskiet het omdat ek jonk is en volgens jou nog nie weet wat aangaan nie. Ek het myself as die slagoffer gesien en hom as die skuldige. Ek het vol wrokke aan die slaap geraak en vol wrokke opgestaan.

Ek het eendag na Gert van Staden toe gegaan en gekla my kaak is seer. Hy kon aan my tande sien hoe ek hulle op mekaar moes gekners het in die nag. Dinge was so sleg dat ek en Schalk vir berading in Somerset-Wes gestuur is. Die verhouding tussen ons het egter so sleg geword dat die voorsitter van die kerkraad my en Scalk een dag ingeroep het en die ultimatum gestel het dat as ons nie ons geskille gaan oplos nie, ons albei gefire gaan word. Daardie nag het ek in die bed geklim en besluit om Schalk te vergewe, al voel ek nie so nie, al wil ek aan my woede en wrokke vashou en al het ek gedink ek het alle reg om hierdie man te haat.

Ek het hom vergewe en die volgende dag het hy my na sy huis toe laat kom. Ons het so amper knie tot knie daar in hulle sitkamer gesit. Dis moeilik om iemand te bly haat as jy so reg teenoor hom sit en as jy hom in die oë moet kyk. Ek het hom vertel wat ek ervaar het van ons kollegaskap. Hy was verstom:

Ek het nie geweet ek het dit vir jou so sleg gemaak om in die bediening te wees nie. Toe begin hy praat. Oor wat hy ervaar het as my ouer kollega. Toe is ek meer verstom as hy. Dit gebeur mos as die ander ou vol skuld is volgens jou en jy onskuldig. Ek moes bely dat ek dit vir hom moeilik ook gemaak het om my ouer kollega te wees. Ek het hom vertel dat ek hom die vorige nag al vergewe het.

Ons het nooit beste vriende geword of mekaar se drumpels deurgetrap nie. Maar my woede en my wrokke was weg, my slaaploosheid en my seer kake ook. Ons albei kon daarna sonder vrees of woede in kollega vergaderings ingaan en ons kon selfs saam lag. Ek kon selfs nadat ek hom vergewe het, die goeie dinge begin sien het wat hy in baie huise en gesinne en in die gemeente gedoen het. Ek het begin soek wat ek by hom kon leer.

Ek begin met hierdie getuienis sodat jy nie vandag dink ek praat met jou oor iets waarvan ek geen begrip of ondervinding het nie. Asof predikante supermense is wat nie met vergifnis sukkel nie. Ek weet wat die vrug van woede en haat en onvergewensgesindheid is maar Goddank, ek kon ook ervaar wat die vrug van vergifnis is.

### **Wat is vergifnis?**

Ek dink ons het verseker partykeer idees oor vergifnis wat nie waar is nie. Ek wil van hierdie idees in twee vrae aanspreek en een opmerking aanspreek:

#### **Die eerste: Is vergifnis om te vergeet wat aan my gedoen is of van my gesê is?**

Om te vergewe beteken nie ek vergeet nie- jy gaan steeds onthou wat aan jou gedoen is of van jou gesê het. Maar deur vergifnis gaan jy anders onthou. Dit beteken baie keer jy gaan onthou sonder die bitterheid en woede. Jy gaan dalk onthou ek was nie so onskuldig soos wat ek gedink het nie- ek het ook skuld aan hierdie situasie gehad. Dinge wat ek destyds so helder woord vir woord kon onthou wat Schalk van my gesê het, het ek vergeet. Want dit wat ek oorspronklik onthou het, was gekoppel aan hierdie sterk emosies van bitterheid en haat en wraak. As jy iemand vergewe, raak hierdie sterk emosies minder en jy kan baie kwetsende woorde of dade nie regtig meer so goed onthou nie. Jy sleep deur vergifnis eenvoudig nie meer die verlede so met jou saam nie.

#### **Die tweede: Is vergifnis om te ignoreer of te verskoon wat met my gebeur het of van my gesê is?**

Wat gebeur het, het gebeur. Ek en jy kan dit nie ignoreer of delete nie. Daar is geen delete knoppie vir ons herinnering nie. Maar wanneer ek vergewe, beheer iemand anders se misstap teenoor my nie meer my lewe nie. Of my gedagtes nie. Natuurlik is die teenoorgestelde ook waar: Soms is ek die een wat iemand anders skade aangedoen het met wat ek gesê of oorvertel of gedoen het. Dan moet ek

onthou dat ek ook myself moet kan vergewe. Dat my eie misstap teenoor iemand anders ook nie my lewe meer moet beheer nie.

**Die derde: Ons besef nie wie die ware slagoffer van onvergewensgesindheid en weier om te vergewe is nie:**

As ek nie iemand vergewe nie, is ek die grootste slagoffer daarvan. Die woede en haat gaan deur my gestel- gaan sit in my gedagtes en my emosies en my stywe skouers en seer maag. Moenie iemand anders gaan vergewe sodat hy of sy vry kan wees nie. Vergewe hulle sodat jy vry kan wees. Johan Cilliers beskryf dit so: Om 'n ander te vergewe is soos om 'n gevangene te bevry en dan agter te kom die gevangene was jy self.

**Wat is dit wat ons op die ou end vergewe as ons iemand vergewe?**

Ons kan nie dit wat gedoen of gesê is ongedaan maak of uitvee of delete nie, maar **vergifnis beteken ek skryf die skuld af wat as gevolg van die daad ontstaan het**. Dit beteken ek hou dit wat jy gedoen het, nie meer teen jou nie. Ek is nie meer elke keer van voor af kwaad en onsteld as ek jou sien omdat dit my weer herinner aan wat jy gedoen het nie. As Jesus aan die kruis bid, Vader vergewe hulle, bid Hy eintlik dat die Vader nie langer na ons skuld sal kyk nie. Wat ons gedoen en gesê het, kan nie weggevat word nie, maar ons skuld is weggevat. Al verlede skryf iemand waarmee ons kan saamleef is 'n vergeefde verlede. In Christus Jesus het ons hierdie vergeefde verlede. Die vraag is hoeveel mense wat teenoor my oortree het, laat ek rondloop met onvergeefde verledes, in my oë nog steeds skuldig oor wat hulle aan my gedoen het. Lewis Smedes skryf so raak: You can reverse your future only by releasing other people from their pasts.

**Mattheus 6:14 en 15:**

**As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.**

Beteken dit dat God eers kyk of ons ander mense vergewe voordat Hy ons sal vergewe? Nee, hiermee bevestig Jesus net die spanwerk tussen ons en Hom. As Hy moes wag totdat ons almal om ons vergewe het voordat Hy ons vergewe, wie sal dan ooit kan kwalifiseer vir Sy vergifnis? Die teksvers beteken eenvoudig Sy vergifnis aan ons en ons vergifnis aan ander staan nie teenoor mekaar nie. Dit loop saam. Ons kan nie vir die Here sê ons wil hierdie herstellende verhouding met Hom hê, maar ons maak geen moeite met ons stukkende verhoudings deur ander te herstel en te vergewe nie. Ons vergifnis aan

ander is dus nie die voorwaarde vir God om ons te vergewe nie. Dis eerder ons reaksie of die geestelike logiese gevolg daarvan dat Hy ons vergewe het.

**Slot:**

**Watter geloofsgewoonte vir ons om te gaan beoefen kom uit hierdie eerste kruiswoord na vore?**

**Forgiven people forgive. Die geloofsgewoonte is dat mense wat vergewe is in Christus, ook ander behoort te vergewe.** Want God se genade word goedkoop wanneer ons die genade ontvang, maar ons is nie bereid om dit verder uit te deel nie. Ons lees dit in soveel woorde in Kolossense 3:13 Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

**Vergifnis is soos hierdie beeld van 'n afloswedloop.** Soos die atleet by die wegspring ontvang ek die aflosstok van vergifnis uit Jesus se hand. Ek behoort dan om hierdie wedloop van verifnis wat Jesus aan die gang gesit het ook Sy vergifnis te gaan aangee vir my man of vrou, kollega by die werk of maats by die skool wat teenoor my oortree het. Ek staak eintlik die afloswedloop van vergifnis wat Jesus in my lewe aan die gang gesit het as ek nie ander wil vergewe nie.

Markus Aurelius het blykbaar elke oggend vir homself gesê: Vandag sal jy alle soorte onaangename mense ontmoet. Hulle sal jou seermaak, skade aandoen en beledig. Jy kan egter nie so lewe nie. Jy weet van beter, want jy is 'n man in wie die Gees van God woon. Jy is 'n vrou of tiener of kind in wie die Gees van God woon. Jy is vergewe. Die aflosstokkie is in jou hand.

Amen